
NHN-TUINROETE

NUUSBRIEF

VOL. 02 \ BLS. 1
Mar - 25



# Die Sosiologie as Logiese Raamwerk vir Godsdiens verskynsel....?



## Luister

Die lede van die NHN Tuinroete het Sondag 30 Mar 2025 by die huis van Boenie en Ina Louw vergader.

Hanneli Bendeman het die gesprek gelei en oor die Sosiologie studieveld as logiese raamwerk vir die godsdiens verskynsel by mense gesels.
Hier is kort samevatting van die gesprek.

## Sosiologie

Daar is hoofsaaklik drie wyses of teorieë waarmee ons as mens na godsdiens kan kyk.




## Funksionalistiese

Die eerste is die funksionalistiese teorie. Dis 'n makro beskouing wat spesifiek kyk na die strukture en meganismes waaruit godsdiens bestaan. Die kerk is 'n universele instelling wat in alle kulture voorkom in een of ander vorm. As mens dan terugstaan, dan besef mens dit is veel meer as net 'n geloof in een of ander godheid. Daar is 'n verband tussen godsdiens en politiek, godsdiens en kultuur en daar is bepaalde magstrukture wat deur godsdiens in stand gehou word.






Godsdiens het verskillende funksies soos byvoorbeeld om die gemeenskap in stand te hou en maatskaplike funksies te verrig. Godsdiens kan egter ook disfunksioneel wees. Die voorbeeld is bespreek waar Morelettapark gemeente begin het om kos te gee aan mense in die nabygelee plakkerskamp wat daartoe gelei het dat een van die grootste plakkerskampe in Pretoria reg op die voorstoep van 'n relatiewe gegoede – en baie christelike – voorstad van Pretoria ontstaan het. In die gesprek het ons vrae gevra oor hoe lyk dit as mens die kerk wegneem uit 'n samelewing – of die individu uit die kerk. Durkheim het verwys na die toestand van anomie wat 'n mens beleef as mens buite die normale samelewingstrukture gevang word. Die verlies aan geborgenheid en identiteit as mens byvoorbeel skielik werkloos raak, deur 'n egskeiding gaan of op pensioen gaan. NHNers kan waarskynlik identifiseer met daardie gevoel van 'anomie' toe ons uiteindelik die kerk en die godsdiens vaarwel toegeroep het.

*Stuur enige nuus of fotos na:*
*nhntuinroete@gmail.com*

## Konflik Teorie

Dan is daar die konflik teorie waar mens na godsdiens kyk en die ongelykhede wat die kerk is die samelewing inbring en in stand hou bestudeer. Wie word benadeel en wie word bevoordeel. Die onderdanige rol van die vrou wat in meeste godsdienste voorkom het onder die soeklig gekom en ons het ook gepraat oor godsdiens as 'n meganisme om bestaande samelewingstrukture omver te werp. 'n Voorbeeld hiervan is die kerke wat onder Amerikaanse slawe ontstaan het met die oog op bevryding van die juk van slawerny. Die werk van Max Weber het gefokus op die 'protestantse etiek' – waar werkers hard werk tot die eer van hulle God en tevrede is met swak werkstoestande want hulle sal hulle loon in die hemel kry.

Hierdie protestantse etiek het dan ook grootliks bygedra tot die welvaart van die kapitalistiese sisteem. Karl Marks, die vader van sosialisme – revolusionere sosialisme – het dan ook godsdiens beskryf as die opium van die werkers en hy wou dus die kapitalistiese sisteem omvergooi. Hier het ons te doen met die term; vervreemding (alienation) waarmee ons in SA kan vereenselwig as mens dink aan goed soos regstellende aksie en bree basis ekonomiese bemagtiging wat amper 'n soort van geloof geword het. Ons het lekker gesels oor die WOKE kultuur wat nou so 'n groot politieke kwessie in Amerika geword het.



## Interaksionistiese Teorie

Die laaste van die drie teorieë is dan die interaksionistiese teorie - ook simboliese interaksionisme genoem - waar mens gaan kyk na die interaksie van mense binne die kerk. Hoe lyk die tradisionele kerkganger. Watter gedrag is aanvaarbaar of onaan-vaarbaar in die kerk. Die rituele van die kerkdiens, die heilige simbole en verskillende vorme van lofprysing. Ons het gepraat oor bv die dra van die kruis as 'n stuk juweliersware. Kan ons as NHNers dit nog dra. Die tradisionele tafelgebed en hoe mens dit moet hanteer as ons gevra word om die tafelgebed te doen is bespreek. Het ons nog behoefte aan die tradisionele rituele wat met troues en begrafnisse gepaardgaan?



Hanneli Jongen (Bendeman)

Kwalifikasies: PhD (Sosiologie) NWU, MA (Sosiologie). TUKS, MPhil (Besigheidsetiek) TUKS

Werk: Dosent TUKS, Senior Spesialis in besigheidsetiek by Vodacom en SARS

Tans – CCMA deeltydse kommissaris

Ons sê dankie aan Hanneli vir die lei van die gesprek en die deel van haar kennis van haar vak gebied.

## Volgende Byeenkoms 27 Apr 2025

Ons beplan die Grot besoek en kyk saam na 'n paar interesante plekke in die Middelandse see gebied soos die Cape Verdi Eilande, Madeira eiland, Gibraltar, Sicilia, Akropolis, Kusadasi, Rhodes, Malta, ens.